

Die nuwe kind

Pieter Strauss

Vooraf

- Hoe dink jy voel 'n nuwe leerder wat voor die klas staan met dertig paar oë wat vir hom of haar kyk terwyl die onderwyser die leerder aan die klas voorstel?
- Hoeveel erger, dink jy, moet dit wees as die persoon van 'n ander kultuurgroep as die res van die leerders in die klas is?
- Sal dit vir jou moeilik wees om by die skooldrag- en haarréëls aan te pas as jy nie daaraan gewoond is nie?
- Wat is jou mening oor die harekwessie wat in 2016 tot groot ongelukkigheid by sommige skole gelei het?

Pieter Strauss

- Pieter Strauss is 'n Afrikaansonderwyser aan die Hoërskool Stellenberg in Bellville.
- Hy het op Kenhardt in die Noord-Kaap skoolgegaan en het reeds in graad 8 begin skryf. Sy onderwyser, die bekende skrywer-digter, **George Weideman**, het hom aangevuur om te skryf.



Hector

- Die nuwe seun in hierdie gedig het die naam, Hector. Die naam Hector roep die naam van **Hector Pieterson** op, en veral die beroemde foto van die sterwende Hector wat in die arms van 'n skoolmaat weggedra word, terwyl sy suster, Antoinette, langs hulle arms paniekbevange voor haar uitstrek.
- Die twaalfjarige Hector is op **16 Junie 1976** deur die polisie doodgeskiet tydens die skole-opstand in Soweto. Skoliere het op daardie dag op verskillende plekke in Soweto bymekaargekom om te betoog teen Afrikaans as onderrigtaal.
- Die amptelike dodesyfer was 23, maar van die joernaliste teenwoordig het dit so hoog as 200 gestel. Honderde mense is beseer.
- Hector Pieterson het die **simbool** geword van die verset teen 'n onregverdigheidsheerskappy.

Sobukwe

- Die nuwe seun in hierdie gedig het dieselfde van as **Robert Mangaliso Sobukwe (1924-1978), die stigter van die Pan Africanist Congress (PAC)**.
- Sobukwe het in 1948 'n lid van die African National Congress Youth League (ANCYL) geword. Hy was van 1960 tot 1969 in die tronk en daarna in huisarres tot sy dood in 1978. Hy is op **Robbeneiland** in eensame opsluiting aangehou en was daarna onder huisarres in Kimberley.
- As gevolg van longkanker is hy in 1977 in die hospitaal opgeneem. Sy dokters het versoek dat die regering hom op grond van humanitêre redes vrylaat, maar hierdie versoek is nie toegestaan nie. Hy het op 27 Februarie 1978 gesterf en is op op Graaff-Reinet, sy geboortedorp, begrawe.

Strofe 1

Hulle staar (kyk) so na hom dat hy net daar staan en nie vorentoe wil beweeg nie.

Ons oë pen jou in jou spore vas:


Die spreker en sy klasmaats.

Die nuwe leerder.

die nuwe kind hier in ons klas.

In óns skooldrag, langs óns meneer,

jou hare volgens die reëls geskeer.



a
pen ... vas – vaspen: (1) Met 'n pen vaskap, bv. tentpenne (2) Tot 'n bepaalde ruimte beperk of inhok, bv. die opponerende span wat jou in jou kwartgebied vaspen (3) Figuurlik in 'n hoek druk of vaskeer, bv. die aanklaer wat die beskuldigde so vaspen dat sy die waarheid moet praat. (peg, spike, pen down)

b
Hulle wil nie sommer die nuwe leerder tot die groep toelaat nie.

b

Paarrym

Strofe 2

“Hector Subokwe,” hoor ons jou naam,

“n koningskind” – al is jy skaam. C

Bedees knik jy asof jy óns bedank

nod

en gaan sit dan stil in jou bank. d

Herinner aan die geskiedenis van Hector Pietersen en die 1976-opstande in Soweto en ook Robert Sobukwe wat die PAC gestig het.

Sy naam en sy van verteenwoordig belangrike persone in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

d

Hy knik sy kop skaam en gaan sit dan in sy skoolbank.

d

Paarrym

Strofe 3



Uit 'n **Tupperware**-bakkie, soos dit h

eet jy ~~broodtjies~~ jou ~~snijtjies~~ brood.

e

Maar eenkant, alleen, onder 'n boom

f

gaan staan jy dan en droom.

f

Paarrym

Omtrent alle Suid-Afrikaners het Tupperware – die bekende plastiekbakkies met deksels wat dig sluit – in hulle huise. Tupperware is in 1946 deur 'n Amerikaner, Earl Silas Tupper, van Massachusetts ontwikkel.

Tupperware-produkte word op 'n unieke manier bemark deur mense wat dit by partytjies koop. Suid-Afrika bestee jaarliks miljarde aan Tupperware. In 2015 het die direkte verkoope van Tupperware en Herbalife met 13% gegroeï tot R10,93 miljard.

e

Pousetyd sit die seun alleen
en eet sy toebroodjies.

Hy is steeds nie deel van
die groep nie.

Strofe 4

Metafoor

In die **kunsklas** word jou pen 'n **mas**,

hyjs jy **prentjieseile** uit jou **ribbekas**,

Hy stort sy hart uit op papier.

vaar jy weg oor wit papier

die **toekoms** in, nog ver van hier ...

Die sailbootjie is simbolies van vryheid. Hiermee kan hy in sy verbeelding of in sy gedagtes bevry word van die nuwe skool wat hom so ontuis laat voel.

In die kunsklas hoef hy nie deel te probeer wees van 'n groep, wat hom nie wil hê nie. Sy kunswerke voer hom weg na 'n ander wêreld.

Hy teken 'n sailbootjie met 'n mas en seile wat gehys word en dan wegvaar.

Paarrym



Bronnelys

- Alle foto's verkry vanaf die internet skakel na die oorspronklike webwerf.
- **Met erkenning en dank aan Pieter Strauss vir die voorlesing van die gedig.**